# Universiteit van Pretoria Jaarboek 2018

# BCur Verplegingsbestuur (10131083)

| | |
|---|---|
| **Minimum duur van studie** | 3 jaar |
| **Kontak** | Prof FM Mulaudzi mavis.mulaudzi@up.ac.za +27 (0)123541908 |

## Programinligting

Die graad Baccalaureus in Verpleegkunde (Onderrig en Administrasie) [BCur (I et A)] bied aan professionele verpleegkundiges, geregistreer by die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging (SARV), die geleentheid om na-basiese, professionele kwalifikasies in enige van die ondergenoemde spesialiserings-rigtings (hoofspesialiteit) te verwerf:

i. Verplegingsbestuur
ii. Verplegingsonderwys
iii. Gemeenskapsverpleegkunde
iv. Kliniese verpleegkunde, met ’n gekose subspesialiteit in die tweede studiejaar, naamlik:

- Gevorderde Verloskunde en Neonatale Verpleegkunde
- Neonatale Verpleegkunde
- Kinderverpleegkunde
- Mediese en Chirurgiese Verpleegkunde: Kritiekesorgverpleging: Algemeen
- Mediese en Chirurgiese Verpleegkunde: Kritiekesorgverpleegkunde: Pediatries
- Mediese en Chirurgiese Verpleegkunde: Kritiekesorgverpleging: Trauma- en Noodverpleging
- Mediese en Chirurgiese Verpleegkunde: Operasiesaalverpleging
- Kliniese Verpleegkunde, Gesondheidsdiagnose, Behandeling en Sorg

Suksesvolle voltooiing van die hele graadprogram sal aan gegradueerdes ook die geleentheid bied om hul studies, binne hul gekose spesialiserings-gebied, op nagraadse vlak voort te sit, indien daar voldoende aansoeke is.

Kandidate wat aan die betrokke toelatingsvereistes voldoen, moet ’n geskikte leergang binne die gekose spesialiseringsgebied, in oorleg met die departementshoof saamstel. Sodanige saamgestelde leergang moet in oorleg met die departementshoof op ’n jaarlikse basis hersien word.

**Let wel**: Raadpleeg ook die Algemene Regulasies.

## Toelatingsvereistes

Registrasie as verpleegkundige met twee jaar ondervinding

Let asseblief daarop dat Graad 12-leerders nie vir hierdie programme kan aansoek doen nie.

Addisionele vereiste:

- Minstens twee jaar toepaslike ervaring as geregistreerde verpleegkundige in die werkplek (ander verpleegkundeverwante kursuswerk uitgesluit) word vereis.

# Addisionele vereistes

i. ’n Bewys van registrasie as Algemene Verpleegkundige by die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging.
ii. Kandidate wat Gemeenskapsverpleegkunde wil volg, moet ook as Vroedvrou/ Vroedmeester by die SARV geregistreer wees.
iii. Minstens twee jaar toepaslike ervaring as geregistreerde verpleegkundige in die werkplek (ander verpleegkundeverwante kursuswerk uitgesluit) word vereis in die geval van Verplegingsbestuur en Verplegingsonderwys.

**Addisionele toelatingsvereistes vir Kliniese Verpleegkunde**

i. Minstens een jaar toepaslike ondervinding in die werkplek, wat betrekking het op die spesialiseringsgebied en goedgekeur deur die Departementshoof; ander verpleegkundeverwante kursuswerk uitgesluit.
ii. Studente moet toegang hê, ten minste op ’n deeltydse basis, tot kliniese opleidingsfasiliteite wat geskik is vir die gekose spesialiseringsgebied en wat goedgekeur is deur die departementshoof.
iii. Met die uitsondering van die subspesialiteite Kritiekesorgverpleging – Algemeen; Trauma- en Noodverpleging en Operasiesaalverpleging – moet studente ook by die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging as Vroedvrou/ Vroedmeester geregistreer wees.

# Ander programspesifieke inligting

Minstens 360 krediete word vereis, onderhewig aan:

i. Suksesvolle voltooiing op 100-, 200- en 300-vlak, van twee goedgekeurde hoofvakke (kernmodules) binne ’n gegewe spesialiteitsgebied.
ii. Suksesvolle voltooiing van alle voorgeskrewe fundamentele modules.
iii. Bevredigende prestasie en suksesvolle voltooiing van die vereiste praktiese werk en/of kliniese opleiding soos voorgeskryf vir die spesifieke vakgebied.
iv. Suksesvolle voltooiing van ’n goedgekeurde leergang (graadprogram) wat saamgestel is uit modules wat ekwivalent is aan 10 jaarmodules.

# Oorgangsmaatreëls

Studente sal vrygestel word van voorgeskrewe modules op grond van ooreenstemmende modules in die voorafgaande sewe (7) jaar geslaag.

# Eksamens en slaagvereistes

- Ingevolge die bepalings van die Algemene Regulasies is daar geen minimum jaar- of semesterpunt wat benodig word om tot die eksamen toegelaat te word nie en kry alle geregistreerde studente outomaties toelating tot die eksamen.
- Die finale punt vir 'n bepaalde module in Verpleegkunde, Fisioterapie, Radiografie, Arbeidsterapie en Mensvoeding (minstens 50% word vereis om te slaag) word bereken uit die eksamenpunt sowel as die punt saamgestel uit die evaluasie van 'n student tydens deurlopende, objektiewe en gekontroleerde assesserings-geleenthede gedurende die kwartaal/semester/jaar. Minstens een formele assessering per module word as die minimum norm in dié verband gestel, en studente sal deurgaans op ’n gereelde grondslag aan selfgerigte leeropdragte blootgestel word ten einde selfgerigte leer te bevorder.

- In die geval van modules met praktiese komponente word vereis dat die studente aan al die toepaslike bywoningsvereistes met betrekking tot die bemeestering van praktiese vaardighede voldoen alvorens ’n slaagpunt vir die module verwerf word.
- Daar is twee hoofeksamengeleenthede per jaar, die eerste en tweede eksamen. Ten opsigte van eerstesemestermodules is die eksamengeleentheid in Mei/Junie en die tweede eksamengeleentheid in Julie. Ten opsigte van tweedesemester-modules is die eerste eksamengeleentheid in Oktober/November en die tweede eksamengeleentheid in November/Desember van dieselfde jaar. In gevalle waar studente addisionele kliniese werkure moet voltooi om tot ’n tweede eksamen toegelaat te word, sal die departementshoof die tweede eksamengeleentheid bepaal.
- Slegs twee eksamengeleenthede per module is toelaatbaar. Indien ’n student ’n module tydens die tweede eksamengeleentheid druip, moet die betrokke module herhaal word.
- 'n Tweede eksamengeleentheid in ’n module word in die volgende gevalle aan studente verleen:

  - Indien ’n student ’n finale punt van minder as 50% in die betrokke module gedurende die eerste eksamengeleentheid behaal het en dus druip.
  - Indien ’n student nie die subminimum in die eksamen, wat vir ’n bepaalde module vereis word, behaal het nie.
  - Indien ’n student weens siekte of buitengewone omstandighede nie die eksamen in ’n module gedurende die eerste eksamengeleentheid kon aflê nie.
- Studente wat weens bogemelde redes die tweede eksamen wil aflê, moet 24 uur na die uitslae ontvang is, registreer vir die tweede eksamengeleentheid.
- Indien ’n student ’n module tydens die eerste eksamengeleentheid gedruip het, word die eksamenpunt wat hy of sy tydens die tweede eksamengeleentheid in die betrokke module behaal, as die finale punt verreken. Die punte wat met die deurlopende evaluering gedurende die kwartaal/semester/jaar verwerf word, word nie in berekening gebring nie. Indien die student die module tydens die tweede eksamengeleentheid slaag, word nie meer as 50% as slaagpunt in die betrokke module toegeken nie.
- Indien ’n student as gevolg van siekte of buitengewone omstandighede nie aan die eksamen in ’n module tydens die eerste eksamengeleentheid kon deelneem nie, word die deurlopende evalueringspunt, tesame met die eksamenpunt wat tydens die tweede eksamengeleentheid in die betrokke module behaal is, as die finale punt in die module behaal, bereken.
- Die Skool vir Gesondheidsorgwetenskappe pas die bepalings van die Algemene Regulasies toe. Daarvolgens mag ’n student wat ’n beperkte aantal modules uitstaande het ten einde aan graadvereistes te kan voldoen, kragtens fakulteitsregulasies tot ’n spesiale eksamen daarin toegelaat word.

## Bevordering tot volgende studiejaar

- 'n Student moet al die voorgeskrewe kernmodules van 'n spesifieke studiejaar slaag ten einde bevorder te kan word tot die daaropvolgende studiejaar. 'n Student kan slegs tot 'n volgende studiejaar bevorder word indien hy of sy nie meer as twee fundamentele modules van sewe weke elk per semester of een module van 14 weke per semester gedruip het nie. ’n Ononderhandelbare voorvereiste vir toelating tot die finale studiejaar is slaagpunte in al die kern- en fundamentele modules van die voorafgaande studiejare.
- Raadpleeg die Jaarboek vir fundamentele modules in elke dissipline.
- 'n Slaagpunt verwys na 'n finale punt van minstens 50%.
- Modules met krediete vir praktiese werk en kliniese opleiding kan nie geslaag word nie, alvorens al die voorgeskrewe kliniese ure en praktiese aktiwiteite tot die bevrediging van die departementshoof voltooi is.

- Die Voorsitter van die eksamenmodereringsvergadering mag na beoordeling van die student se totale profiel, spesiale toestemming aan die student verleen/toestaan om tot 'n volgende studiejaar bevorder te word.
- Die uitsondering is die Departement Mensvoeding, waar die regulasies van die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe ten opsigte van die modules deur daardie Fakulteit aangebied, van toepassing is.
- Modules kan slegs vooruitgeneem of herhaal word indien dit in die bestaande eksamenrooster geakkommodeer kan word.
- 'n Student wat 'n studiejaar herhaal, mag met die toestemming van die Voorsitter van die eksamenmodereringsvergadering en die betrokke departementshoof, toegelaat word om fundamentele modules van die daaropvolgende jaar te neem, mits hy of sy aan die voorvereistes vir die betrokke modules voldoen. Geen aanpassing van bestaande roosters sal toegelaat word nie. Die volgende fundamentele modules is ter sprake:

Departement Verpleegkunde: SLK 110, 120; FSG 251, 252.

- Departement Fisioterapie: SOH 254; FSG 251, 252, 261, 262, SLK 210
- ANP 210, GMB 252, 253, 254, FAR 381, 382
- Departement Arbeidsterapie: ZUL 110; SEP 110; SLK 210, 220;
- FSG 251, 252, 261, 262; ANP 210; RPD 481; GNK 286
- Departement Mensvoeding:  FLG 211, 212, 221, 222;
- BCM 251, 252, 261, 262; FAR 381, 382, VDS 322; VDB 321
- Departement Radiografie:  FSG 251, 252, 262; GNK 286; ANP 210.

# Praktiese/kliniese/internskapinligting

Sekere hospitale en gesondheidsorgfasiliteite is goedgekeur vir die doel van praktiese en kliniese opleiding. Daar sal van studente verwag word om hul praktiese werk en/of kliniese opleiding aan hierdie fasiliteite te voltooi.

# Slaag met lof

Die graad word met lof aan studente toegeken wat ’n gemiddelde van minstens 75% in die vereiste 300-vlak modules behaal het.

# Algemene inligting

**Fakulteitsertifikate**

i. Studente wat uittree uit die program voor voltooiing van die graad, en wat voldoen aan al die vereistes vir die registrasie van 'n addisionele kwalifikasie by die SARV, sal 'n toepaslike Fakulteitsertifikaat ontvang.
ii. Lysting of registrasie by die SARV kan verkry word in die volgende spesialiteitsgebiede, na gelang van van die spesifieke modules wat geslaag is:

a. Lysting: Medisynehantering in Verpleging en die Fisiese Evaluering van Pasiënte
b. Registrasie

- Verpleegadministrasie
- Verplegingsonderwys
- Gemeenskapsverpleegkunde
- Gevorderde Verloskundige en Neonatale Verpleegkunde
- Neonatale Verpleegkunde
- Kinderverpleegkunde

- Mediese en Chirurgiese Verpleegkunde: Kritiekesorgverpleging – Algemeen
- Mediese en Chirurgiese Verpleegkunde: Kritiekesorgverpleging – Pediatries
- Mediese en Chirurgiese Verpleegkunde: Kritiekesorgverpleging – Trauma- en Noodverpleging
- Mediese en Chirurgiese Verpleegkunde: Operasiesaalverpleging
- Kliniese Verpleegkunde, Gesondheidsdiagnose, Behandeling en Sorg

# Kurrikulum: Jaar 1

**Minimum krediete: 108**

## Fundamentele modules

### Verplegingsdinamika 110 (VDN 110)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 14.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 1 ander kontak per week, 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Verpleegkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Gesondheidsorgomgewing: struktuur, dinamiek en impak op die kliniese standaarde van die verpleegpraktyk. Nasionale bevolkings- en gesondheidsprofiele. Epidemiologiese uitgangspunte oor gesondheid. Die gesondheidsorgomgewing en die dinamiek van gesondheidsorgdienste. Faktore wat kontemporêre gesondheidsdienslewering beïnvloed. Beleid en die lewering van gesondheidsorg in Suid-Afrika. Geselekteerde gesondheidsorgpraktykmodelle (insluitend die eienskappe van die verpleegpraktyk). Die basiese beginsels en metodologie van verpleegnavorsing. Toepassing van navorsing op die verpleegpraktyk. Leierskapsbeginsels in die verpleegpraktyk. Leierskapstyle en -vaardighede. Leidinggewing in die verplegingseenheid. Beginsels van menslikehulpbronbestuur en -ontwikkeling. Die beginsels van volwasse-onderrig en leer in die kliniese praktyk. Die volwasse leerder en evaluering.

### Verplegingsdinamika 120 (VDN 120)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 14.00 |
| **Voorvereistes** | VDN 110 |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week, 1 ander kontak per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Verpleegkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

Kommunikasie- en bestuursbeginsels vir die verpleegpraktyk. Selfhandhawing en interpersoonlike kommunikasie, spanbou en die bestuur van kulturele diversiteit en verandering. Geskrewe kommunikasie. Bestuur van konflik, krisis-tussentrede en streshantering. Fasilitering van gesondheids-, welsyns- en gemeenskapsontwikkeling. Basiese eerstevlakbestuursbeginsels in die verpleegpraktyk. Kwaliteitsversekering en standaarde vir die verpleegpraktyk. Beginsels van finansiële beplanning en bestuur. Privaatverpleegpraktyk. Eties-wetlike raamwerk vir die verpleegpraktyk. Professionele pligte en verantwoordelikhede van geregistreerde verpleegkundiges en vroedvroue/vroedmeesters. Ontwikkeling van die verpleegprofessie, die etos en fundamentele standpunte van verpleging. Beginsels van professionele praktyk. Praktykbestuur, statutêre beheer en professionele selfregulering. Menseregte, die regte van pasiënte en internasionale perspektiewe op pasiëntsorg. Etiek, etiese dilemmas en etiese besluitneming in die verpleegpraktyk.

## Kernmodules

### Bedryf- en organisasiesielkunde 110 (BDO 110)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 10.00 |
| **Diensmodules** | Fakulteit Gesondheidswetenskappe |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 4 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Aparte klasse vir Engels en Afrikaans |
| **Departement** | Menslikehulpbronbestuur |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

*Slegs vir BNur studente
Bedryf- en Organisasiesielkunde is ‘n toegepaste veld van die Sielkunde wat fokus op werknemer en organisatoriese gedrag. Die module het ten doel om die student bekend te stel aan:

- die geskiedenis en ontwikkeling van die Sielkunde asook die Bedryf- en Organisasiesielkunde
- die verskillende sub-areas van die Sielkunde asook die Bedryf- en Organisasiesielkunde
- hoe die verskillende teoretiese denkskole in die Sielkunde die psige van die mens en mens-gedrag beskou
- die genetiese en biologiese basis van mens-gedrag, ‘n beter begrip vir individuele verskille aan te toon en ‘n inleiding tot ergonomiese beginsels te gee
- hoe wetenskaplike navorsing die grondslag vorm om mens-gedrag te verstaan en te hanteer sodat optimale funksionering van die mens in die werkomgewing bereik kan word.

Individuele prosesse
In hierdie afdeling word die beginsels van leer soos dit in die werkkonteks voorkom, ondersoek. Die rol van persepsie binne werkverband word behandel deur te kyk na qaspeket soos vorm-, diepte-, afstand– en kleurpersepsie.  Kognisie, denke, redenering, geheue, kreatiwiteit en besluitneming word behandel. Intelligensie word toegelig en in perspektief geplaas binne die veld van die bedryf– en organisasiesielkunde.

### Bedryf- en organisasiesielkunde 120 (BDO 120)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 10.00 |
| **Diensmodules** | Fakulteit Gesondheidswetenskappe |

| | |
|---|---|
| **Voorvereistes** | BDO 110 GS |
| **Kontaktyd** | 4 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Aparte klasse vir Engels en Afrikaans |
| **Departement** | Menslikehulpbronbestuur |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

*Slegs vir BNur-studente

Menslike ontwikkeling en persoonlikheid
Die lewenspan en belangrike periodes in die menslike omgewing word behandel met die klem op die betekenis daarvan in die werkkonteks.  Ten opsigte van persoonlikheid word daar onder andere aandag gegee aand ie kulturele konteks van persoonlikheid, die vorming, dimensies en determinante van persoonlikheid, persoonlikheid as gedragsbepaler en die ont¬wikkeling en instandhouding van die selfkonsep.  Aandag word ook gegee aan die basiese metodes van persoonlikheidsmeting en –assessering.

Motivering en werknemer welstand
Een van die baie faktore wat deel vorm van individuele prosesse is Motivering en Emosie. Om insig te hê in individuele prosesse sal bydra tot 'n begrip van hoe en waarom werknemers presteer by hulle werkplekke . Die eerste deel van hierdie semester kursus het ten doel om die student bekend te stel aan die fundamentele teorieë van motivering en emosie. Die tweede deel van hierdie semesterkursus is gemoeid met die erkenning en klassifikasie van sielkundige versteurings, asook die bestuur en bevordering van psigologiese welstand in organisasies. 'n Positiewe siening van psigologiese gesondheid het ten doel om die persoon se innerlike hulpbronne of sterkpunte en uithouvermoeë te fasiliteer sodat hulle gesond bly en effektief kan omgaan.

## Gemeenskapsverpleegkunde 110 (GVP 110)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 25.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 1 ander kontak per week, 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Verpleegkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Die konteks van gemeenskapsverpleegkunde. Gemeenskapsgesondheid, gemeenskapsgebaseerde verpleegsorg en primêre gesondheidsorg (PGS). Prosesse in gemeenskapsverpleegkunde. Beraming, diagnose, tussentrede en evaluering. Gesondheidsonderrig en tuisgesondheidsorgverpleging.

## Gemeenskapsverpleegkunde 120 (GVP 120)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 25.00 |
| **Voorvereistes** | GVP 110 |
| **Kontaktyd** | 1 ander kontak per week, 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |

| | |
|---|---|
| **Departement** | Verpleegkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

Individuele, gesins- en gemeenskapsorg binne die konteks van gemeenskaps-verpleegkunde. Omvattende benadering tot die versorging van babas, kinders, vroue, mans en diegene in unieke omgewings of omstandighede (bv. bejaardes, haweloses, gemarginaliseerde gemeenskappe, noodsituasies en voortplantingsgesondheid). Algemene gemeenskapsgesondheidsprobleme. Oordraagbare siektes en immunisasie, MIV/Vigs. Chroniese fisieke en geestesgesondheidsprobleme. Sosiale patologie in die gemeenskap.

## Gemeenskapsverpleegkunde 160 (GVP 160)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 50.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 2 praktiese sessies per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Verpleegkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

**Module-inhoud**

*Slegs bywoningsmodule Gemeenskapsverpleegkunde prakties. Verpligte praktiese werk, insluitend moeder- en kindergesondheid, skoolgesondheid, beroepsgesondheid en -veiligheid, geriatriese sorg, die voorkoming en beheer van oordraagbare siektes, rehabilitasiedienste en gemeenskapshulpbronne, omgewingsveiligheid, fisieke en verpleegassessering van pasiënte, diagnose, sorg en gesondheidsvoorligting. Gesinstudie en gemeenskapsprofiel.

## Verplegingsbestuur 110 (VPB 110)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 25.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week, 1 ander kontak per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Verpleegkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Sisteembenadering, teorieë en beleid: toepassing in verplegingsbestuur. Etiese kode en die generiese administratiewe proses. Beplanning en organisering op eerstevlakbestuur. Gesondheidsorgfasiliteite, finansiële beplanning en tydbenutting. Probleemoplossing, verandering en organisering.

## Verplegingsbestuur 120 (VPB 120)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 25.00 |
| **Voorvereistes** | VPB 110 |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week, 1 ander kontak per week |

| | |
|---|---|
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Verpleegkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

Leidinggewing op eerstevlakbestuur. Personeelvoorsiening en -benutting. Leierskap. Beheer op eerstevlakbestuur, inspeksies en toesighouding. Pasiëntklassifikasie en rekordhouding.

## Verplegingsbestuur 160 (VPB 160)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 10.00 |
| **Voorvereistes** | VPB 110,VPB 120 |
| **Kontaktyd** | 2 praktiese sessies per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Verpleegkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

**Module-inhoud**

*Slegs bywoningsmodule Verplegingsbestuur prakties. Verpligte praktiese werk, insluitend: begroting, statistieke, nie-verpleegkundige take, posbeskrywings, memoranda en verslagskrywing. Instrument vir die evaluering van werkverrigting.

# Kurrikulum: Jaar 2

**Minimum krediete: 72**

## Kernmodules

### Bedryf- en organisasiesielkunde 219 (BDO 219)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 16.00 |
| **Diensmodules** | Fakulteit Gesondheidswetenskappe |
| **Voorvereistes** | BDO 110 GS, 120 GS |
| **Kontaktyd** | 3 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Aparte klasse vir Engels en Afrikaans |
| **Departement** | Menslikehulpbronbestuur |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

*Slegs vir BNur-studente

Groepsgedrag en leierskap
Hierdie module fokus op organisasiegedrag met spesifieke verwysing na die beginsels van groepsgedrag en die rol van werkspanne in die organisasie. Daar word spesifiek gefokus op groepsontwikkeling, -interaksie, -strukture en -prosesse asook die bevordering van spanprestasie in organisasies.
Leierskap en die invloed van mag en politiek in die organisasie word bestudeer. Die funksie wat leierskap in individuele, groeps- en taakgerigtegedrag vervul, word toegelig.

Organisasiegedrag
Die gedragsbasis vir organisasiestrukturering en -ontwerp word in die module bestudeer. Organisasiekultuur as 'n belangrike faset van 'n organisasie word toegelig. Die dinamiek en benaderings tot organisasieverandering word behandel. Daar word spesifiek gefokus op die rol van veranderingsagente, weerstand teen verandering en organisasie-ontwikkeling. Kontemporêre vraagstukke met betrekking tot organisasieverandering word prakties toegelig.

### Bedryf- en organisasiesielkunde 229 (BDO 229)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 16.00 |
| **Diensmodules** | Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie<br>Fakulteit Gesondheidswetenskappe |
| **Voorvereistes** | BDO 219 GS |
| **Kontaktyd** | 3 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Aparte klasse vir Engels en Afrikaans |
| **Departement** | Menslikehulpbronbestuur |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

*Slegs vir BCur-studente

## Gemeenskapsverpleegkunde 250 (GVP 250)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 18.00 |
| **Voorvereistes** | GVP 110,GVP 120 |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Verpleegkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Die gemeenskapsverplegingsproses. Assessering, beplanning, implementering en evaluaring binne die gemeenskaps-gesondheidsverplegingkonteks. Epidemiologie en demografie in gemeenskaps-gesondheidsverpleging.

## Gemeenskapsverpleegkunde 260 (GVP 260)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 18.00 |
| **Voorvereistes** | GVP 250 |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Verpleegkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

Gemeenskapsbetrokkenheid. Gemeenskapsbemagtiging, -ontwikkeling en -deelname. Gehalteversekering en verandering in die gemeenskapskonteks.

## Verplegingsbestuur 250 (VPB 250)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 20.00 |
| **Voorvereistes** | VPB 110,VPB 120 |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Verpleegkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Die verplegingsbestuurder se verantwoordelikhede ten opsigte van die voorsiening en aanwending van verpleegpersoneel.

## Verplegingsbestuur 260 (VPB 260)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 20.00 |
| **Voorvereistes** | VPB 250 |

| | |
|---|---|
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Verpleegkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

Die verplegingsbestuurder se verantwoordelikhede ten opsigte van die behoud van verpleegpersoneel en die lewering van kwaliteit verpleegdienste.

# Kurrikulum: Finale jaar

**Minimum krediete: 180**

## Fundamentele modules

### Verplegingsnavorsingsmetodologie 100 (VNM 100)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 22.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Verpleegkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

**Module-inhoud**

Basiese onderrig in die verplegingsnavorsingsproses.

## Kernmodules

### Bedryf- en organisasiesielkunde 319 (BDO 319)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 20.00 |
| **Diensmodules** | Fakulteit Gesondheidswetenskappe |
| **Voorvereistes** | BDO 110, 120; BDO 219 GS, BDO 229 GS |
| **Kontaktyd** | 3 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Menslikehulpbronbestuur |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Menslikehulpbronbestuurstelsels Die afdeling verskaf ‘n inleiding tot menslikehulpbronbestuurstelsels en spreek ook hedendaagse ontwikkelinge en vraagstukke op die gebied aan. Die volgende temas word omvattend bespreek: posontleding, posbeskrywing en posspesifikasie; posontwerp; vergoedingsteorie en -stelsels; posevaluering en -gradering; voordele- en byvoordele-stelsels. Vergoedingstelsels as motivering vir werknemers word ook behandel. Menslikehulpbronvoorsiening Menslikehulpbronvoorsiening word, vanuit ‘n bedryfsielkundige perspektief, aangebied onder die volgende hoofde: mensehulpbronbeplanning; makro- en mikroveranderlikes wat ‘n invloed het op personeelvooruitskatting en -voorsiening; menslikehulpbron-inligtingstelsels; die ouditering van vaardighede; asook tegnieke soos werwing, keuring, plasing en induksie.

### Bedryf- en organisasiesielkunde 329 (BDO 329)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 20.00 |
| **Diensmodules** | Fakulteit Gesondheidswetenskappe |
| **Voorvereistes** | BDO 319 GS |

| | |
|---|---|
| **Kontaktyd** | 3 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Menslikehulpbronbestuur |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

Prestasiebestuur, opleiding en ontwikkeling
Die afdeling spreek die hoofkenmerke van ‘n prestasiebestuurstelsel aan en fokus op die strategiese en motiveringswaarde van die proses en fokus op die volgende aspekte: die basiese konsepte van prestasiebestuur, die prestasiebestuursproses, prestasiebestuursmetodes, asook die beoordelingsonderhoud. Die module sal ook opleiding en ontwikkeling binne in die werkskonteks aanspreek, en sal veral fokus op die opleidingsproses. Dit sal insluit: basiese konsepte in opleiding en ontwikkeling, die opleidingsproses, die behoeftebepaling, ontwikkeling en implimentering van ‘n opleidingsprogram, asook die wetgewing wat verband hou met opleiding en ontwikkeling in SA.

Menslikehulpbron– en loopbaanontwikkeling
Die afdeling spreek die hedendaagse metodes aan wat benut kan word om mensekrag– en loopbaanontwikkelingsprogramme te ontwikkel en aan te bied om prestasie op sowel die individuele as organisatoriese vlak te bevorder. Die klem val op die implikasies van die veranderinge in organisasies vir loopbane, loopbaankonsepte, loopbaanbestuurmodelle, lewens- en loopbaanfases, loopbaankwessies, organisatoriese keuse, loopbaanontwikkelingsteunpraktyke en ontluikende menslike hulp¬bron¬praktyke. Die integrasie van individuele loopbaanverwagtinge met die vereistes en die organisasie se strategieë sal geïllustreer met behulp van die loopbaanbestuur literatuur.

## Didaktiek van verpleegonderwys 110 (DNE 110)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 20.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week, 1 ander kontak per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Verpleegkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Leerstrategieë en onderwysmedia Ontwikkeling van onderwysstrategieë en ontwerp van oudiovisuele hulpmiddels en evalueringsmiddele. Teorie van didaktiek. Kognitiewe en intellektuele funksionering van volwassenes. Onderwysverhoudinge.

## Didaktiek van verpleegonderwys 120 (DNE 120)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 20.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week, 1 ander kontak per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |

| | |
|---|---|
| **Departement** | Verpleegkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

Kurrikulum- en programontwikkeling. Toepassing van die beginsels van kurrikulumbou. Kurrikuleringsbestuur, asook programbestuur en bestuur van verplegingskole. Studentebegeleiding. Leerprobleme en remediëringspraktyke. Studente-ondersteuningstelsels. Leerteorieë.

## Didaktiek van verpleegonderwys 160 (DNE 160)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 10.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 1 praktiese sessie per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Verpleegkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

**Module-inhoud**

*Slegs bywoningsmodule Verpleegonderwys praktiese werk. Verpligte praktiese werk, insluitend die voorbereiding en aanbieding van minstens tien (10) lesings en vyf (5) kliniese onderwyssessies.

## Gemeenskapsverpleegkunde 300 (GVP 300)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 44.00 |
| **Voorvereistes** | GVP 250,GVP 260 |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week, 2 besprekingsklasse per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Verpleegkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

**Module-inhoud**

Toepassing van toepaslike verpleegteorieë. Gehalteversekering. Verpleegsorgbeplanning en toepaslike tussentredes in individuele, groeps-, gesins- en gemeenskapsverband. Gesinsorg.

## Verpleegonderwysteorie 110 (VOW 110)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 15.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week, 1 ander kontak per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Verpleegkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**
Ontwikkeling van verplegingsonderwys. Historiese ontwikkeling van verplegingsonderwys. Filosofiese aspekte en die funksionering van verpleegskole. Onlangse verwikkelinge in die verplegingsonderwys. Uitkomsgebaseerde onderwys (UGO). Kurrikulumontwikkeling. Kurrikulumbou. Korrelasie tussen teorie en praktyk. Die leerproses en die aktiewe betrokkenheid van die leerder.

## Verpleegonderwysteorie 120 (VOW 120)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 15.00 |
| **Voorvereistes** | VOW 110 |
| **Kontaktyd** | 1 ander kontak per week, 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Verpleegkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**
Fasilitering van leer. Bepaling van vordering en evaluering. Verpleegproses as modaliteit in verplegingsonderwys. Toewysing van leerders in die kliniese praktyk en die fasilitering van kliniese leer. Verpleegteorieë en hul toepassing.

## Verplegingsbestuur 300 (VPB 300)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 60.00 |
| **Voorvereistes** | VPB 250,VPB 260 |
| **Kontaktyd** | 2 besprekingsklasse per week, 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Verpleegkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

**Module-inhoud**
Die verplegingsbestuurder op middelvlakbestuur as beplanner, organiseerder, leier en kontroleerder.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.